

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD

Herald  
Office National

**1 DAY DEAL**

ONLY **R875.00**  
INCL



Home Office  
A4 Laminator

**AVAILABLE 25 MAY ONLY**  
BEST DEALS. BEST SAVINGS.  
Terms and Conditions apply. While Stocks Last.  
**058 852 3033**



## GEE MET 'N GLIMLAG

Hoërskool Heilbron se gholfdag wat laas Saterdag aangebied was, was net die regte medisyne om 'n glimlag weer terug te sit na Covid-19 die wêreld op sy kop gekeer het. Die foto van die vierspan van Jacques van Rooyen, Julyan Bruyns, Edward Muller en Abrie

Watson, wat tweede was tydens die dag, se foto vertel die verhaal van 'n dag propvol pret en lekker lag. Dit was 'n vol veld van 72 spelers en 35 besighede het hulle hande oopgemaak om die skool se fondsinsamelingsprojek te ondersteun. Die dag se wenners

was die span van Hinterland en Herald Office National was aangewys as die beste stalletjie. Die Boeretreat-stalletjie het die meeste gees gehad. Volledige fotoblad op bladsy 3.

**DUPNO Trading**



**Awegare Ontvangsbakke Graandamme Waterdamme**

Fynro: 073 288 7585  
Kern: 083 260 8943  
fynro.dupno@gmail.com  
kern.dupno@gmail.com

**Tobus van Wyk**  
oogskermers | ophefmiddels



From **28 May** we will be at  
**Wentworth Square - Shop 4!**  
WATCH THIS SPACE  
FOR LUCKY DRAWS FOR THE NEXT 4 MONTHS  
**Win one of 4 Sunglasses until September!**  
More information will follow soon.  
**058 853 1156**

**BKB LOUWID**

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
**DONDERDAG – ROYAL AUCTION CENTRE**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings**  
**skakel Piet Boshoff : 083 210 7135**  
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071  
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za  
www.bkb.co.za  
Reg. No: 2805/0261/3407

*Waar sake elke keer,  
die eerste keer reg gedoen word!*



# GROOT BRANDGEVAAR VANJAAR

Veldbrande gaan vanjaar moeilik geblus word met weidings wat goed gereageer het op die seisoen se bogemiddelde reënval. Heilbron Landbou doen 'n beroep op grondeienaars om vroegtydig voorbrande en brandpaaie te maak om die risiko te verminder.

Maak seker dat dit skoon is rondom plekke waar voerbale geberg word en tref ook voorsorg om areas om werkers se huise veilig te maak teen brande.

Elke produsent of grondeienaar het 'n verpligting om veldbrande te voorkom en te bestry. Die verpligtinge word uiteengesit in die Nasionale Wet op Veld-

Bosbrande Nr. 101 van 1998 ("Die Wet").

Die doel van hierdie Wet is om veld-, bos- en bergbrande dwarsdeur Suid-Afrika te voorkom en te bestry. Die Wet maak voorsiening vir 'n verskeidenheid instellings, metodes en praktyke om hierdie doel te bereik. Oortredings van die Wet kan jou 'n swaar boete of selfs tronkstraf kos. Maak seker dat jou versekering voldoende is – dit is goedkoper as om later spyt te wees.

Gaan kyk ook gerus na die skakel: <https://www.grainsa.co.za/alles-wat-jy-wou-weet-oor-veld-en-bosbrande>.

# SANDERSVILLE MATRIEKAFSKEID



Die 6de Mei 2021 het Sandersville Gekombineerde Skool hulle jaarlikse matriekafskeids-funksie gehou terwyl funksies nog onder die Covid-19 regulasies mag plaasvind. Die geleentheid het plaasgevind by Donsveertjie Gasteplaas en Venue en het die

ouers en kinders 'n skemerkelkie saam in die Bos-venue geniet. Daarna het die onthaal geskuiw na die saal en was dit slegs vir die matriekleeders. Almal wat die funksie bygewoon het, praat oor die spoggeleentheid en sien reeds uit na volgende jaar se matriek-afskeid.

**POSTNET HEILBRON** NEW!

**SAME DAY**

COLLECTION AND DELIVERY  
BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE!

FOR ONLY **R75**

CONTACT US TO ARRANGE YOUR COLLECTION OR DELIVERY!

📍 SASOLBURG  
📍 VEREENIGING  
📍 VANDERBIJLPARK

43 Eia Street, Heilbron | heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 066 988 5078

# SES VUURVEGTERS SAL HELP

Heilbron Landbou het aansoek gedoen by Ngwathe se 2021 begrotingsprogram vir die aankoop van meer brand-bestrydingstoerusting en ook fondse om paaie te herstel. Jaarliks is die brandrisiko baie groot en ernstige skade word deur die brande aangerig. Vanweë die gebrek aan voldoende brandtoerusting kan hierdie probleme nie effektief hanteer word nie. Die brande is nie net tot plase beperk nie, maar die landelike gebiede en gemeenskaplike boerderygebiede rondom loop 'n hoë risiko. Hulle het jaarliks groot verliese as gevolg van hierdie saak.

Heilbron Landbou voel dat daar 6 vuurvegters nodig is om die hele gebied te dek as die brandrisiko hoog is en wil ook die Raad versoek om jaarliks voorsiening te maak in die begroting om die paaie in die groter Heilbron-omgewing in stand te hou. Die paaie is 'n belangrike middel om voedsel-sekerheid en vervoer van goedere te verseker. Weens die slegte toestand van plaaspaaie kan ambulans nie uitgeroep word om hul dienste te lewer nie.

Die vervoer van kinders na skole is ook 'n groot probleem en ongelukke vind van tyd tot tyd plaas as gevolg van die vervalde paaie en slaggate wat nie herstel word nie.



# OUD-HEILBRONNER OORLEDE

\* 31 Augustus 1932 † 12 Mei 2021

Barry van Ginkel, voorheen van Heilbron, is in George oorlede op die ouderdom van 88 jaar. Hy word agtergelaat deur sy vrou, Louise, twee kinders, Bernard en Marguerite, en 4 kleinkinders.



# Skool se Gholfdag soos Reünie



*Sê "Cheese"*



*Jack vra nog 'n Oloff*



*Jy moet sanitize al is dit kraanwater*



*"Da vat Hy"*



*Dankie virri koelte*



*Mexican Girls*



*Deel van die Dasbende*

*Voorsitter mik mooi*



*Dit was amper*



*Good, Bad and Ugly*



*Tyremart - hulle is smart*



*Pak die bul by die horings*

HIERDIE BLADSY IS GEBORG DEUR

**TM TYREMART HEILBRON**

058 853 0277 • 072 088 2316 • heilbronbandediens@gmail.com • www.tyremart.co.za





## UIT DIE PEN

Ek het laas week vertel van die rit Kaap toe. En hoe ek dit nooit weer sal doen nie, want dit is heeltemal te ver. Alhoewel ek 'n bestuurder gehad het, en ek net gesit het. Steeds: dis lekker, maar dis klaar.

Wat my sal bybly van die Kaapse kuier is die interessante en oulike mense wat ek daar ontmoet het.

Ek het 'n veertienjarige tweeling ontmoet. Twee mooi dogters, identies maar tog so verskillend. Hulle maak sushi asof hulle dit met moedersmelk ingekry het. Wanneer dit amper etenstyd is, roep ma: "Tweeling! Ons gaan oor tien minute eet."

Asof een mens, begin hulle die tafel dek, borde, messe, vurke, glase, broodbordjies, stokkies vir die sushi. En die hele tyd klets hulle asof hulle mekaar vandag vir die eerste keer ontmoet het.

Die grootmense kry kos en eet heerlik toe ma weer roep: "Tweeling, julle kan kom eet!" Tweeling kry laaste kos, want dit is goeie maniere, sê tweeling. Ek is verstom.

Toe almal klaar geëet het, kom dek hulle af, sonder dat

iemand vra. En die hele tyd kwetter hulle. Ek verkyk my aan die twee eenderse lyfies. Een met donkerrooi kort hare en die ander een met donkerrooi lang hare. Ek help hulle gou om af te dek, en hulle sluit my sommer ook by die geselskap in, so asof ek deel daarvan was nog voordat ek hulle ontmoet het.

Ek dink toe terug aan my kleintyd: ons het op Eensaamheid gebly. Ja, ek stem saam, die persoon wat die plaas se naam gegee het, kon seker darem aan 'n beter naam gedink het.

Iedereval: Eensaamheid het 'n groot eetkamer gehad en die tafel was gereeld vol mense. Ek en my rooikopsussie het die tafel gedek, die meeste van die kos gemaak, agterna afgedek en nog die skottelgoed gewas. Ja, dis reg, ons het al daardie dinge gedoen en net mooi niks daarvan oorgekom nie. Ek kon in my geestesoog sien hoe ek en my rooikopsussie tesame met die donkerrooikoptweeling tafel dek, afdek en skoonmaak, terwyl ons soos ou-ou vriendinne gesels.

Ek het 'n skoolvriend van my goeie man ontmoet. Hy (die vriend, nie my man nie) is 'n spesialisdokter. Hy nooi ons na sy "blyplekkie", sê hy. 'n Tweehektaarplot met 'n moderne huis op. Aanvanklik wou hy lantelent op die plot plant. Hy ontmoet 'n ouerige oom toe hulle vir 'n week see toe gaan. Die oom stel voor dat hy eerder wingerde aanplant.

Skoolvriend sê dat hy niks van wingerde af weet nie. Die oom sê hy sal hom leer. Elke middag gooi die twee vir hulle 'n glasië wyn en die oom begin hom vertel hoe om wyn te maak.

Skoolvriend besluit om die kans te waag en koop alles aan wat hy nodig het om een hektaar wingerd aan te plant. Alles word afgelewer.

## WEEK TWINTIG VAN 2021

En daarna kom 'n telefoonoproep om te laat weet dat die oom doodgeskiet is in 'n plaasaanval.

Die bure besluit om te help: binne dae is die wynstokke geplant en so ook die pale en draadstruktuur wat nodig is.

Ek en my goeie man gaan proe wyn. Ek weet net wat proe lekker en wat proe sleg, ek weet net mooi niks van hoe wyn verouder word, wat die neus van die wyn is, of watter nasmaak dit het nie. Ek vra die kelner om ons meer te leer van die wyn.

Sy trek los en verduidelik hoe oud die wingerd is, waar die oorspronklike wynstok vandaan kom. Sy vertel watter temperatuur is ideaal vir die druiwe, hoe dit geoes word en hoe lank dit in ingevoerde eikehoutvate moet lê. Wanneer en hoe dit geroer moet word. My kop is skoon deurmekaar, veral nadat ek vier glase wyn deurgewerk het.

Op Skoolvriend se plaas word ons genooi om sy 2019, 2020 en 2021 (jip, 6 weke gelede gepluk) rooiwyn te proe. Ek vra hom ook die vraag wat ek die kelner gevra het.

"Man, dis so maklik. Jy pluk die druiwe, trap dit, los dit vir 'n sekere tyd en pers dit saam. En jy het wyn. Dis dit." Ek het hierdie metode baie beter verstaan as die een wat die kelner verduidelik het.

Ek ontmoet 'n ander skoolvriend: Hy is 'n helikoptervlieënier. Hy vertel hoe hulle sprinkaanplae in Etiopië bespuit. Wanneer die plaë weg is, help hulle met biologiese beheer. Dit moet jy hoor!

Die boere wil ontslae raak van die indringervlieg in die landerye. Skoolvriend se helikopter strooi feromone oor die gesaaides wat

meer vlieë lok. Die volgende dag gooi die helikopters motte af wat amper bevrore is. Hierdie motte is almal onvrugbaar. Soos wat die motte na die aarde toe val, "ontwaak" hulle uit die bevrore staat en begin die vlieë verorber sodra hulle daarmee in kontak kom. Die motte sterf binne 24 uur af, val grond toe en word deel van die landerye se bemesting.

Orals rondom om is interessante mense. Iemand wat 'n werk het of 'n stokperdjie beoefen waarmee jy nog nooit in aanraking gekom het. Of dalk 'n tweeling wat so fluks help dat dit my met hartsverlange laat terugdink aan my kinderdae.

Al het ek daardie tyd gedink dat al die werk wat ons in die huis moes doen baie naby aan kinderarbeid was.

En ten spyte van alles, is hierdie mense wie ek ontmoet het, net doodgewone mense.

Een plant dalk 'n hart oor, die ander een is 'n narkotiseur, daar is dalk 'n argitek in die mengsel, maar hulle is plat op die aarde.

Dalk omdat jy iewers in jou lewe agterkom dat prestige nie alles is nie. Dalk is dit nie meer jou droom om 'n Maserati te ry nie. Dalk wil jy net 'n mens wees wat genoeg is en wat genoeg het om voor dankbaar te wees.

Ek staan by wat ek gesê het: Kaap toe ry ek nooit weer nie. Maar ek is dankbaar vir die egte mense wat ek ontmoet het. Dalk sien ons mekaar nooit weer nie, maar iewers het daar dalk iets van iemand aan die ander persoon afgevyf.

Iets positiefs.

## KENNISGEWINGS

### VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T1201/2007** geregistreer in die naam van **HEILIDA PETRONELLA MOSTERT, Identiteitsnommer 630619 0122 080** ten aansien van **Erf 211 Petrus Steyn**, distrik Lindley, Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Bloemfontein op hede die 18de dag van Mei 2021.

**AANSOEKER: WESSELS & SMITH FJ KAPP/rs/E04966 YORKWEG 1A WAYERLEY POSBUS 2104 BLOEMFONTEIN, 9300 E-POS: bloemwess@internext.co.za Tel: 051 436 1209**

### VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaat van **Verenigde Titel Nommer T3835/2005** geregistreer in die naam van **MARIA ELIZABETH KESSLER (voorheen STEYN), Identiteitsnommer 401014 0061 081** ten aansien van **Erf 600 Petrus Steyn**, distrik Lindley, Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is. Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing. Gedateer te Bloemfontein op hede die 7de dag van Mei 2021.

**AANSOEKER: WESSELS & SMITH FJ KAPP/rs/E04966 YORKWEG 1A WAYERLEY POSBUS 2104 BLOEMFONTEIN, 9300 E-POS: bloemwess@internext.co.za Tel: 051 436 1209**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE JACOBUS PETRUS MIENNIE, Identity Number: 380921 5058 083**, in life widowed, residing at 72 Mason Street, District Heilbron, 9650, Province Free State, **Estate Number: 7670/2020**. Hereby Notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the **FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT** will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account. **(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC. 40 CHURCH STREET P.O. BOX 205 HEILBRON, 9650 TEL: 058 852 2035**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE MARTHA LOUISA MIENNIE, Identity Number: 430305 0035 082**, in life married in community of property to **JACOBUS PETRUS MIENNIE**, residing at 72 Mason Street, District Heilbron, 9650, Province Free State, **Estate Number: 1514/2020**. Hereby Notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the **FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT** will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.

If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account. **(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC. 40 CHURCH STREET P.O. BOX 205 HEILBRON, 9650 TEL: 058 852 2035**

### KENNISGEWING

In die boedel van wyle **LEONIE THERON, Identiteitsnommer 310209 011 082**, in lewe 'n weduwee en pensioenaris, woonagtig te Langmarkstraat 1, Heilbron, Vrystaat Provinsie, wie oorlede is te Heilbron op 26 Februarie 2021. **Boedelnommer 002876/2021**. Kennis geskied hiermee aan alle krediteure in bogemelde boedel om hulle eise binne dertig (30) dae na publikasie hiervan by ondergemelde in te dien. **ELS PROKUREUR WISTERIALAAN 417 FAERIE GLEN X2 PRETORIA POSBUS 1486 FAERIE GLEN, 0043 SEL: 083 459 4993 FAKS: 086 512 0985 E-POS: Kobus@elsprok.co.za VERW: MNR.ELS/B367**

## DIENTE SMALLS



**Andries Muller**  
**072 447 7446**  
**Vrystaat 23, Heilbron**  
**Ou Heilbron**  
**Betonwerke se gebou**

**MILLING • KEYWAYS**  
**ALGEMENE DRAAIWERK**  
**MEGANIESE**  
**HERSTELWERK**

**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**  
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.  
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of  
Piet Meiring 082 571 4191  
peerlandhandel@gmail.com

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

**Hugo Groenewald**  
**082 569 7205**  
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL ...**  
Vir sny-, hark- en baalwerk.  
Kontak Evert Kleynhans  
**072 018 3685 Heilbron**

### JAARBEPLANNER

Mei 2021

28 Mei - NG Kerk Suid (Verkopings)

Junie 2021

25 Jun. - AP Kerk (Verkopings)

Julie 2021

23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)

30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)

Augustus 2021

6, 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoop)

28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)

September 2021

23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)

Oktober 2021

1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)

29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)

Desember 2021

4 Des. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

**Vir die beste transaksies en diens**

Elsstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159

## GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron  
Tel: (058) 852 3033/4/5  
Faks: (058) 853 0140  
www.heilbronerherald.co.za  
**E-POS ADRESSE**


- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

**Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.**

**VOER TE KOOP**  
Skakel  
083 688 8256  
K0746

**BLOEDSKENK DATUMS**  
25 Mei, 27 Julie, 28 September, 23 November



## DIE RUS INGEGAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Mmatseko Elizabeth Mokoena** oorlede op 6 Mei 2021 in die ouderdom van 63. Die diens het plaasgevind op 15 Mei 2021 en is begrawe op die Plaas Begraafplaas in Heilbron. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Daniel Paseka Motlaung** oorlede op 5 Mei 2021 in die ouderdom van 37. Die diens het plaasgevind op 15 Mei 2021 en is begrawe op die begraafplaas in Frankfort. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Tsekiso Solomon Mantoro** oorlede op 9 Mei 2021 in die ouderdom van 80. Die diens het plaasgevind op 15 Mei 2021 en is begrawe op die begraafplaas in Petrus Steyn. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan **Hendrik Adriaan Roets** oorlede op 13 Mei 2021 in die ouderdom van 91 na 'n lang siekbed. Daar is nog geen begrafnisreëlings met die familie bevestig nie. Hy laat na sy liefdevolle vrou, kinders, kleinkinders, agterkleinkinders en ander familie en vriende.

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingeluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
**Hannalie Claassen**  
079 040 0531

### POSTNET HEILBRON

Besigheidsure  
Maandae - Vrydae:  
08:00 - 16:30  
Saterdag: 09:00 - 12:00  
Elstraat 42  
HEILBRON  
Tel: 058 853 0006

Corporate & Commercial Engagement & Wedding Individual & Family Kiddies parties Matric Farewell Individual & Family Maternity & Newborn

**MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY**

072 180 4113  
marilize@mcreativestudio.co.za





# Op reis na (n)êrens

## OOM DANIE SKRYF ...

### DEEL 10

deur Albie Schoeman

Grendelstraat 280  
Locktown  
2021

9 Januarie 2021

Liewe Dominee Braam

Dis al weer jou oom Danie. Ons is tuis na 'n heerlike vier weke by swaer Willem by die see. Ai Dooms, die swaer Willem is darem 'n gentleman. Hy het ons vieruur kom wakker maak en die tasse help dra en pak. Sy vrou het in die kamer gebly en het net deur die venster vir ons gewaai toe ons ry. Ek dink dit was te emosioneel vir haar. Dis hoekom sy nie kom groet het nie. Dit gaan goed met Klein Daan-hulle ook. Ek lag nou nog. Hy vertel my van die ou op vuisboek wat sy kredietkaart onder sy

masker gesit het en toe die kaartmasjien gesoen het om te betaal. Hy sê hy gaan dit ook doen. Ek sê jy sal nie. Hy sê hy sal. Ek sê ek gee jou my laaste bottel Klipdrift as jy dit doen. Dominee Braam, hy is daar weg winkel toe met sy kaart onder sy snoet. Toe hy moes betaal, maak hy of hy sy beursie vergeet het. Hy vra of hy maar op skuld kan koop, maar die kassiere is stywe lip en weier. Die hele winkel kyk vir hulle.



Hy sê daar daal 'n stilte neer. Jy kan 'n blik sardiens hoor val. Dis toe dat hy soos 'n wafferse sangoma op sy bors slaan en met omgedopte oë 'n paar onaardse geluide maak. En daar voor almal se oë gryp hy die kaartmasjien en soen sy transaksie deur. Dominee weet nie dalk wanneer maak die bottelstoor weer oop nie? Dooms, ek wil nou nie voorbrand maak vir Klein Danie nie, maar hy sê een van die gemeentedele het hom in die parkeerarea voorgekeer en gesê as hy hom nie vertel hoe hy dit reggekry het nie, gaan hy hom by die kerkraad en die sinode aangee. Verbeel jou, Dominee! Ai dominee Braam, ek het vas geglo as 2020 verby is, is die virus ook iets van die verlede. Nou gaan dit erger! Ons vertrou maar ons kry gou entstof om die ding in die bek te ruk.

Oom lees iewers daar is vier kategorië wat eerste op inenting geregtig is. Oom is nie seker of dit fopnuus of flopnuus is nie. Dominee ken die verskil? Fopnuus is wanneer hulle leuens oor die regering vertel. Flopnuus is wanneer hul die waarheid oor die regering vertel... Hoe dit ookal sy. Die vier kategorië is eerstens gesondheidswerkers en dan persone 75 jaar en ouer of wat in ouetehuse woon en natuurlik ook hul oppassers. Die derde groep is mense wat noodsaaklike werk verrig en dan Dominee, jy sal dit

nie glo nie, mense wat in die tronk is! Nou vra ek Dominee wat van ons? Die oom en tannie is nie gesondheidswerkers nie. Ons is ook nog nie 75 nie en woon ook nie in 'n ouetehuis nie. Oom dink ook nie 'n pensioenaris sal deurgaas as 'n noodsaaklike werker nie. Of hoe Dominee? Al opsie is om tronk toe te gaan, maar Dooms weet hoe moeilik dit deesdae is. Dit kan jare neem. Die tannie sê al wat nou oorbly, is Ivomec. Het Dominee gehoor hoe baie mense drink die goed? Ek weet darem nie Dooms. Is die goed nie vir diere bedoel nie? Netnou blêr ons almal. Danie se buurman, Stoet van Wyk en sy vroujie, die wulpse enetjie, Dooms, drink dit ook glo en is baie tevrede. Sy sê Stoet is meer rammetjie uitnek as ooit tevore. As Dominee verstaan wat sy bedoel.

Ou Doppie by die bottelstoor sê hulle moet die goed skelm in die bier sit, dan is die hele Suid Afrika binne 'n week gesond. Amper vergeet ek, Dominee. Die eintlike rede hoekom Oom skryf, is om raad te vra. Oom en die tannie het huweliksprobleme. Dominee moet asseblief help. Dominee Braam, die ding staan so. Oom het vir die tannie 'n grassnyer vir Kersfees gekoop. Met die baie reën het Oom gedink dit is die ideale geskenk vir haar. Nou praat sy sedert Krismis nie 'n woord met my nie. Dominee, dit is vir my as volmaakte mens moeilik om te glo dat Oom iets verkeerd gedoen het. Al wat ek kan dink, is dat sy nie van die kleur hou nie.

Dominee moet help asseblief. Oom het al skelm Ivomec in haar koffie gegooi, maar niks help nie. Sy stamp net haar voet en blaas deur haar neus vir my. Oom hoor graag dringend van Dominee. Amper vergeet ek. Baie liefde vir Mevroutjie en pas julle mooi op. Groete Jou liewe oom Daantjie

As Dominee dalk iewers van 'n pienk grassnyer hoor, laat weet vir Oom asseblief.

Skets Erkenning: Mia Marais



Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy



■ Quarta Pretorius

## DIE SLAG VAN VEGKOP

Die slag van Vegkop is eintlik aan ons Heilbronnens bekend.

In Oktober 1836 het die Ndabele-krygers (Matabeles) van Mzlikaze die trekgeselskap van Andries Hendrik Potgieter by Vegkop aangeval. Op die paneel word die geveg uitgebeeld. Die Voortrekkers is binne die beskermde kring van hulle walaer, terwyl die Matabele krygers hule van buite af aanval deur assegaaië oor die waens in die laer te gooi, of deur onder die waens te probeer deurkruip. Een kryger het inderdaad daarin geslaag om deur die doringtakke te kruip, wat onder die waens ingedruk was om die aanvallers uit te hou, maar is daar en dan doodgeskiet. Die Trekkers skiet op die aanvallers, terwyl die

vrouens die voorlaaiers laai, koeëls giet, die gewondes versorg en selfs help skiet.

In die middel van die paneel staan 'n knapie wat 'n voorlaaier met kruit uit 'n kruithoring vul. Dit beeld die latere president Paul Kruger uit wat op elfjarige ouderdom hierdie geveg meegemaak het. Die Voortrekkers het die Matabele se aanval by Vegkop afgeweer, maar laasgenoemde het al hul beste en skape wat buite die laer was weggevoer toe hulle teruggeval het.

Morokko, 'n Barolong opperhoof wat die Trekkers goedgesind was, het osse vanaf Thaba Nchu gestuur om Potgieter se Trekkers vanaf Vegkop weg te trek na Thaba Nchu.



Paneel 5 in die Voortrekker Monument.

**PLOEG SEMOER**

Egte

**LEER BELDE**

WERNER | 060 524 5567  
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

## PANEEL 5 | BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Baie dankie aan elke personeelid, vir al julle opofferings by Huis Bron-van-Heil om vir almal 'n helpende hand te wees, veral vir hulle wat hulle self nie meer kan help nie. Al word julle betaal vir julle werk, is daar baie inwoners wat julle hande nodig het. Vir die Here is tot 'n bekertjie koue water belangrik. Ons is nie een, inwoners inkluis, nie sommer net daár nie, almal se hande kan 'n helpende hand wees. Al is daar soms dae dat dit baie van julle verg, gaan dit ook nie by Hom verby nie. Hy weet dat julle hier nodig is, daarom gee Hy helpende hande. Wees dankbaar vir hande wat kan help. Julle wat in die kantoor werk, julle in die kombuis, julle wat die kamers, gange en badkamers skoon hou en dié wat die tuin versorg, julle hande is ook nodig. Wat 'n voorreg om gesonde sterk hande te hê. Dit gaan nie by Hom verby nie, Hy is egter die Gewer van daardie hande, hulle is nie verniet daár nie.

nie? Die kennis het vermeerder. Die middele om die kennis mee te versprei is van uitstaande gehalte en uiters effektief. Orals gaan die sein verspreiders op. Dit is dat ons nou almal beter kan hoor en beter kan sien, as die wolf in Rooikappie se storie. Die kostes daaraan verbonde is ook ongelooflik bekostigbaar. Almal kan nou met maekaar gesels, ongeag waar mens, mens bevind. Die sein vind sy pad op 'n wonderbaarlike manier van die sender na die ontvanger. Die verskaffers gaan van krag tot krag om aan hulle kliënte die beste diens te lewer. Enige onderwerp onder die son kan mens oproep en daarna kyk en luister. Van *melewe* het mense van tyd tot tyd na 'n teater gegaan om na 'n film te gaan kyk. Nou kan mens 24 uur per dag vir sewe dae 'n week kyk net wat jy in belangstel. Klein kindertjies is ongelooflik vaardig met die selfone. So te sê almal het een. Geen drade is nodig nie. Alles gaan deur die lug. Micro golfies. Is ons nie bevoorreg nie!

Die volgende skrywe is ontvang van AM Grobler, Tel: 063 352 7880 van Heilbron gerig aan die Redakteur.

**ONS WONDERWÊRELD**

Leef ons nie in 'n wonderwêreld



**HEILBRON EERSTE RUGBYSpan MET OORWINNING VAN DIE ASSERMAN-BEKER IN 1954:** Op die foto voor vl: Christo Vosloo, Esley Rall (Kaptein), Tynie van Niekerk (Bestuurder), Byleveldt, Steyn. Tweede ry: Wyle Hennie Roets, A Slabbert, Toeks Vosloo, Dries Strydom, Jasper Blignaut, Pine Pienaar. Derde ry: Louw Greyling, Will Vosloo, John Rautenbach, Drieton Pienaar, Gawie Pienaar (Pine Pienaar se broer).

**OUDEHEDE**

Afrikaans, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos naaldwerkmasjiene, ens. Verskeidenheid te veel om op te noem.

**Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.**

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.

**Kontak Jackie Wessels 072 936 5925**





# HERALD SPORT

## BOERETREAT MET N "CLASSIC"



Heilbron se kalender is leeg sonder die jaarlikse Boeretreat, die bestuur het dus besluit dat 'n plan gemaak moet word. Die eerste Boeretreat Classic word op 30 en 31 Julie aangebied wat deels 'n Gho!fdag en deels 'n Boeremark gaan wees. Vrydagaand sal daar 'n optrede wees deur Fatman en Saterdag word die gemeenskap genooi na die Boeremark. Heilbron Boeretreat gee al hulle fondse vir liefdadigheid en is die behoefte groter as ooit om mense en instansies te help. Op die foto bo is die komitee vl Niklaas van der Walt, Leonard Strydom, Lisa Boshoff, Wessel Hattingh, Meloney Pretorius, Francois Hattingh, Yolande Naudé, John Watson en Jeanne Nel

**3%  
-COM  
properties**

**We know  
Property  
and the Law ®**

Forster Attorneys - Member of the 3%.Com  
Properties Franchise Group

**ELMA - 071 333 9958**

**[www.threeppercent.com](http://www.threeppercent.com)**

**Pharmacy & Clinic**

**PLATTELAND**

**Strepsils** R84.00

**Strepsils** R89.00

**Strepsils** R159.00

**Otrivin** R95.00

**MAGUp** R149.00

063 721 4550 083 527 0728

www.pharmacyandclinic.co.za

www.facebook.com/PharmacyandClinic

**THE  
CHEDDAMELT  
TRIO**

**R99<sup>90</sup>**  
EACH

**Spur**  
Steak  
Ranches

**ALL DAY EVERY DAY  
SPECIAL**

**2X 100G BURGERS**  
**200G CHEDDAMELT STEAK**  
**FULL CHEDDAMELT SNITZEL**  
**350G T-BONE STEAK**

**R99<sup>90</sup>**  
EACH

**BURGER, CHIPS & ONION RINGS**  
**BEEF / CHICKEN / RIBE**  
**(MONDAY - THURSDAY)**

**R60<sup>00</sup>**  
EACH

**BUFFALO VALLEY SPUR**  
958 833 0043

*Late-Nite Video*  
Heilbron

**Latest Movie  
Releases!**

**NOW  
AVAILABLE**

  
INFINITUM

  
ANTI-LOVE



072 807 7790  
076 868 3837

BKB Louwid

Die komende week se  
**BELANGRIJKSTE** veilingen

MAANDAG - 24 MEI 2021

ARLINGTON Maandelijkse voling  
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**BULTFONTEIN** Twee-weeklikse veiling  
Kortik Louwrijke Bezuidenhout  
082 827 7443

DINSDAG - 25 MEI 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

**VEREENIGING** Werklöse vinding  
 Freek Polderse 079 560 7088

VERKOERSKOP Maandelikse veiling  
Kontak John Campher 072 202 0160

ROODEPRAAI Kwartallike veiling.  
Kontak: Marnus Becker 082 873 2002

WOENSDAG - 26 MEI 2021

REITZ Twee-weekelijkse velling  
 Kontak: François Duminy 082 528 1899

**MEMEL, Maandelikse veiling**  
**Kontak Paul de Bruyn 079-882 1138**

**VENTERSBURG: FLIZ BONSMARA  
ALGEHELE UITVERKOPING  
295 Pulk Bonsmaras  
11:00, Hayfield, Ventersburg  
Kontak Piet Wessels 082 857 7827**

DONDERDAG - 27 MEI 2021

FRANKFORT Weekkese veiling  
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling  
 Kontak Willem Meyer 082 349 3189

FICKSBURG Maandelikse veiling  
Kontak: Gerrie Britz 082 828 2855

DUNDEE Twee-weeklikse wiling  
Kontak Wynand Lens 082 329-0227

**PARYS: SENTRAAL STREEK BRANCOU**  
OPMARS NA DIE NOORDE V8  
35 Balle en 100 vroulike dans  
11.00, Parys Ari-Dome  
Kontak Sally de Villiers 073 816 4958

VRYDAG - 28 MEI 2021

BETHLEHEM Weekdays only  
Kontakt: Berndt von Mevius 082 414 4228

STANDERTON Workdays ending  
 Monday Feb. Minimum 929 961 5177.

PDTC  
Kont

[www.bkb.co.za](http://www.bkb.co.za)